



Laerskool Fairland Virtuele Krieket Aandreeks 2020

Geagte Ouers

Dit is vir ons 'n groot voorreg om Laerskool Fairland se eerste virtuele krieket aandreeks aan te bied. Ons het dit goedgevind om die reeks in rondomtalie-formaat aan te bied, elke deelnemende skool sal dus ses "wedstryde" speel.

Hiermee die finale inligting:

Deelnemende skole:

- Laerskool Fairland
- Laerskool Randhart
- Trinityhouse Randpark Ridge
- Laerskool Orion
- Laerskool Unika
- Laerskool Jan Celliers

Dae en datums:

- Woensdag 9 September 2020
- Vrydag 11 September 2020
- Maandag 14 September 2020
- Woensdag 16 September 2020
- Vrydag 18 September 2020
- Maandag 21 September 2020 (Finale)

Reëlings t.o.v "wedstryddae":

- Daar vind op elke bogenoemde datum drie "wedstryde" plaas.
- Laerskool Fairland plaas die "wedstryde" op "Facebook" met 'n aangehegte skakel.
- Hierdie skakel verwys enige iemand wat wil stem, na ons webtuiste waar die stembusse beskikbaar sal wees.
- Hierdie skakel kan ook deur D6 of op enige ander manier onder diegene wat miskien nie oor "Facebook" beskik nie, gedeel of bemark word.
- Die finale wat op Maandag 21 September 2020 plaasvind, word deur punte bepaal.
- Punte word soos volg geallokeer: - **2 punte vir 'n wen.**
- **1 punt indien die "wedstryd" gelykop eindig.**
- **Geen punte vir 'n verloor.**

Die volgende stappe moet gevolg word om te stem:

1. Kies die beskikbare skakel deur daarop te klik.
2. U word so na Laerskool Fairland se webtuiste verwys (www.laerskoolfairland.co.za)
3. Kies dan onder "Fairland Nuus" asseblief die "Sportnuus"-opsie.
4. Die wedstryde sal dan verskyn en u stem kan gemaak word deur by u gekose skool se naam in die keuseblokkie te klik.
5. **U stem word dan gestoor deur op die "Vote"-blokkie te klik.**
6. **Daar is vir elke "wedstryd" slegs 24 uur om te stem. (Vanaf 08:00 tot 08:00)**
7. Die vrymoedigheid om tydens alle "wedstryde", selfs al is u gekose skool nie betrokke nie, te stem word aangemoedig.